

Redaksioneel

Marni Bonthuys

Op die voorblad van hierdie uitgawe van *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* is 'n foto geplaas van die Afrikaanse Taalmonument wat reeds in die 1970's geneem is. Tans is dié monument in die nuus gegewe die heftige gesprekke rondom die benaming daarvan. Die artikels vervat in hierdie uitgawe van *TN&A* skakel interessant genoeg almal in 'n mindere en meerdere mate met hierdie diskoers, aangesien die stand van Afrikaans en die geskiedenis van die taal in al die bydraes ondersoek word.

Wannie Carstens se artikel ondersoek spesifiek die funksies van Afrikaans en dui op die feit dat talle van hierdie amptelike funksies oor die afgelope dekades verminder, selfs verdwyn het. **Tycho Maas** skryf oor Nederlandse Kaapse koloniale literatuur en ondersoek via 'n gedig wat in 1666 by die bou van die nuwe fort aan die Kaap geskryf is, die oorsprong en denkbeelde van hierdie letterkunde. **Burgert Senekal** kyk ook na die wortels van Afrikaans, maar vanuit 'n ander hoek. Hy bespreek die rol van afstammeling van die Franse Hugenote in die opkoms van die Afrikaanse literêre sisteem tussen 1902 en 1978. Laastens analiseer **Zanette Meintjes** die akademiese skryfwerk van hedendaagse Afrikaanssprekende eerstejaarstudente. Soos Carstens betoog, is akademiese opleiding in Afrikaans een van die belangrike funksies van die taal wat onder druk is. Meintjes ondersoek die gebruik van die interpersoonlike metadiskoerskategorie van sekerheidsmerkers as beduidend op die vaardigheid van die betrokke groep studente om goeie akademiese skryfwerk te produseer.

Laastens publiseer ons in die resensie-afdeling weer twee bydraes oor tekste waarin die kruisverkeer tussen Afrikaans en Nederlands aan bod kom. **Courtneigh Ess** resenseer *Het Andere Postkoloniale Oog. Onbekende kanten van Nederlandse (post)koloniale culturen* wat onder die redakteurskap van Michiel van Kempen deur die Nederlandse Uitgeverij Verloren gepubliseer is. Ook vertaalde Nederlandse poësie (uitgegee deur Protea Boekhuis) word geresenseer deur **Roné Wierenga** wat Daniel Hugo se vertaling, *Na die wette van afskeid en herfs – 'n keuse uit die gedigte van Eddy van Vliet*, bespreek.

Soos altyd spreek ek namens die redaksie my dank uit aan Christa van Zyl vir uitleg en Willem de Vries vir teksredigering.

Universiteit van Wes-Kaapland